



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SINODE
GOUDLAND

Johan Brink

VOORSITTER: SINODALE BESTUURSKOMMISSIE

30 Mei 2020

**PASTORALE BRIEF I/S COVID 19:
GODSDIENSTIGE BYEENKOMSTE VANAF 1 JUNIE 2020**

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die SBK Dagbestuur het op 28 Mei vergader om die toegewing wat die President aan Geloofsgroepe toegestaan het te bespreek. Saam met die bespreking is alle relevante inligting en stukke van ander Sinodes in ag geneem. Die SBK versoek Ringe en Kerkrade om hulle te vergewis van:

- A. DIE REGULASIES SOOS IN DIE STAATSKOERANT VERVAT. (Opsommend)**
- B. NADENKE DEUR DIE SBK**
- C. VERKLARING DEUR DIE SBK**

A. DIE REGULASIES SOOS IN DIE STAATSKOERANT VERVAT. (Opsommend)
(Government Gazette No 43365 Vol 609 28 Mei 2020)

1. Maksimum van 50 mense word toegelaat, insluitende die dominee (Minder mense as fisiese afstand van 1.5 m, nie gehandhaaf kan word nie.)
2. Almal moet deurentyd 'n gesigmasker dra.
3. Toetsing by die deure vir die volgende (net so aangehaal uit die Gazette): "fever, cough, sore throat, shortness of breath, or difficulty in breathing, require every person to report whether they suffer of the following additional symptoms such as body aches - loss of smell or loss of taste - nausea, vomiting, diarrhea, fatigue, weakness or tiredness." Koorstoetsing moet met 'n termometer gedoen word en persone wat hierdie simptome vertoon, mag nie toegelaat word nie.
4. Indien 'n persoon gedurende die diens simptome toon of ervaar, moet hulle onmiddelik die predikant inlig en in 'n veilige isolasie ruimte geplaas word.
 - 4.1 Hiervoor moet 'n aparte kamer of gebou geïdentifiseer word.
 - 4.2 Dan moet hulle gehelp word om die nodige mediese hulp te kry.
 - 4.3 Onmiddelik die area ontsmet en bepaalmet wie die persoon in aanraking was.
5. Handreiniger met minimum 70% alkohol by alle deure, sowel as in die kerk.
6. Geen fisiese kontak nie en 'n minimum afstand van 1.5m tussen persone.
7. Geen sang word toegelaat nie, behalwe solo's.
8. As die godsdienstige aktiwiteit, soos prediking of sing van solo's, nie met 'n gesigmasker gedoen kan word nie, moet die afstand tussen persone na 2.5m vergroot word.
9. Geen aktiwiteite wat fisiese kontak vereis (bv doop), mag uitgevoer word nie.
10. Die persone wat kollekte tel, moet hulle hande voor, gedurende en na die tellery ontsmet. Hulle moet daarop let om nie aan hulle gesigte te vat, terwyl hulle met die geld besig is nie.
11. Die hele ruimte van aanbidding, insluitende enige voorwerpe wat gebruik is, moet voor en na die geleentheid ontsmet word.
12. Geen Bybels of enige ander boeke of objekte mag gedeel word nie.
13. Alle gemeenskaplike areas soos toilette, ingangsportale, deurhandvatsels en elektroniese toerusting, moet gereeld ontsmet word.
14. 'n Plek van aanbidding moet 'n register byhou vir 'n tydperk nie korter as ses maande nie en met die volgende besonderhede van die persone wat die diens bygewoon het:
Volle name; Woonadres; Selnommer, huistelefoonnommer of epos adres;
Die kontak besonderhede van die mense wat in dieselfde woning bly, as die persoon wat die diens bywoon.

15. Almal moet ingelig word oor die gevare en verspreiding van COVID-19 en hoe om dit te voorkom.
16. Daar word geen sosiale aktiwiteite voor of na die diens toegelaat nie (koffie drink, ens).
17. Persone oor die ouderdom van 60 jaar en persone met onderliggende mediese probleme, word aangemoedig om tuis te bly.
18. Gemeentes moet protokolle implementeer om seker te maak dat daar voldoen word aan hierdie regulasies.
19. Wanneer godsdienstige plekke oopgelaat word vir mense om te kom aanbid, besoek of pastorale versorging, geld alle maatreels soos vermeld. (Disaster Management Act 2002, Act no 57 of 2002)
20. Ook by begrafnisdienste is die maksimum 50 persone en dieselfde maatreels geld.

B. NADENKE DEUR DIE SBK DAGBESTUUR

1. Ons glo dat ons vanuit 'n teologiese vertrekpunt na die oopmaak van ons Kerke moet dink. Ons lees in Markus 12: 29 – 31 die samevatting van die Wet en dat ons ons naaste so lief moet he soos onself. Verder lees ons in 1 Kor 12 : 26 dat as een lid ly, ly al die lede saam. Ons glo dat naasteliefde en lydsaamheid met groter groep en gemeenskap, ons help om oor hierdie saak geloofsonderskeidend te dink.
2. Elke lewe is vir God en Sy dissipels waardevol en kosbaar. Daarom is die gesondheid en veiligheid van elke liewe persoon baie belangrik. Ons is in liefde bereid om ons regte op te gee vir die lewe van ander.
3. Johannesburg, sowel as die hele Wes-Rand distrik, is as sogenaamde “Hotspots” geïdentifiseer, wat beteken dat die verspreiding van die virus hier hoog is en 'n groot deel van Goudland Sinode, resorteer onder hierdie areas.
4. Gegewe dat die piek van die pandemie nog 'n paar maande weg is en ons deel is van 'n “Hotspot”, is daar weinig kans dat ons binnekort uit vlak 3 sal skuif, eerder 'n groter kans dat ons weer na vlak 4 mag terugbeweeg.
5. Persone bo 60 jaar en diegene met onderliggende mediese probleme is hoe risiko gevalle. Ons gemeente in die Sinode het 'n groot aantal lidmate in hierdie kategorie.
6. Ons is ook besorg oor die groot getal asimptomatiese draers van die virus. Navorsing toon dat tot 75% van draers geen simptome mag toon nie en tog is hulle draers wat ander aansteek.
7. Ons is bewus dat die hoogtepunt van die pandemie in RSA eers teen Augustus/September verwag word en dat modelle toon dat 'n mediaan sterftesyfer van 40 000 mense voor einde 2020 verwag word.
8. Geen gemeente kan op hierdie stadium die veiligheid van lidmate waarborg nie en nog minder weet gemeentes wat die regs aanspreeklikheid sal wees, indien 'n lidmaat die virus by die kerk sou opdoen.
9. Talle gemeentes weet nie hoe om die 50 persone te “keur” as gemeentes sou besluit om oop te maak nie en daar sal altyd mense voel hulle word uitgesluit.
10. Die vinnige ontwikkeling en gebruikmaking van sosiale platvorms het dit moontlik gemaak dat die meeste gemeentes, dienste of lewendig kon uitsaai of vooraf opneem en uitstuur. Heelwat predikante maak ook van whatsapp groepe gebruik om met lidmate te kommunikeer en die terugvoer hieroor is baie positief en effektief.
11. Is daar ander maniere hoe ons kan kerkwees en dissipels vorm te midde van die pandemie? Ons het reeds met inperking 4 en 5 gesien dat die barmhartigheidswerk van alle gemeentes gefloreer het! Dit is belangrik om te besef dat eredienste nie sal kan wees soos vantevore nie, want nuwe tye en nuwe omstandighede vra nuwe eredienste en denke. Hierin sal tegnologie toenemend 'n belangrike rol speel.

C. VERKLARING VAN DIE SBK

Met punte A en B in ons nadenke verreken, verklaar die SBK van Goudland Sinode die volgende:

1. Omdat ons ons naaste so liefhet soos onself en ons opofferinge maak twv van die groter groep, versoek die SBK dat Kerkrade en Gemeentes Goudland Sinode nie hulle eredienste op Vlak 3 inperking, oopstel na 1 Junie nie. Ons versoek almal om gedurende Vlak 3 inperking hulle eredienste gesluit te hou twv die moontlike uitbraak van die Covid 19 pandemie en die verspreiding van die virus.
2. Lidmate ouer as 60 jaar en diegene met onderliggende mediese toestande, word ontmoedig om enige vorm van byeenkoms by te woon en moet tuis bly en voorsorgmaatreels nakom.
3. Alhoewel elke gemeente kan besluit oor die oopmaak van eredienste, bly elke kerkraad verantwoordelik en verantwoordbaar vir wat op hul kerkterreine gebeur en gedoen word, (tov van lidmate, predikante en personeel) in die lig van punt A. Die SBK neem geen verantwoordelikheid vir gemeentes wat hulle skuldig maak aan enige oortreding van enige punte van bogenoemde wetgewing nie.
4. Roetine vergaderings soos kerkraad en ander vergaderings en kleingroepe, moet onbepaald uitgestel word, so ook kategetiese onderrig, tot verdere kennisgewing.
5. Gewone huisbesoek mag nie deur predikante verrig word nie, behalwe in uiters noodsaaklike omstandighede met inagneming van alle voorsorgmaatreels.
6. Gemeentes word aangemoedig om op die uitkyk te wees vir ander maniere van kerkwees soos bv deur hul kerkgebou deur die week oop te laat vir mense om in stilte en afsondering en gebed met God Drie-Enig besig te wees, natuurlik met die nakom van al die voorsorgmaatreels. Dat lidmate doelbewus sal uitreik na mede-lidmate en alle mense in hulle onmiddellike omgewing, veral ook enkellopendes en bejaardes en hulle met liefde en deernis sal dien.
7. Ten einde ons predikante en kerkrade te bemagtig gedurende hierdie tyd, beplan ons 'n webinaar waarin meer insig rakende die pandemie, die impak daarvan op ons lewe en ekonomie en die pad vorentoe, verskaf sal word. Meer inligting hieroor, sal op 'n latere stadium deurgegee word.
8. Die SBK sal Kerkrade en Gemeentes voortdurend op hoogte hou van die pad vorentoe, sodat ons so gou as wat dit veilig en beter gaan, ons behoefte aan aanbidding en koinonia kan hervat. Die SBK is bewus dat daar gemeentes sal wees vir wie hierdie verklaring moeilik en selfs onstellend sal wees, maar ons wil mekaar eendragtig hierin ondersteun tot die veiligheid en gesondheid van al ons lidmate en die gemeenskap. Ons behou altyd hoop, want die Here self sal ons ook deur hierdie tyd lei en versorg, tot daardie dag sal aanbreek wanneer ons almal saam sal feesvier, sing en mekaar geniet. Tot dan bid ons vir mekaar, leer ons bymekaar en dien ons mekaar in liefde. Ons eenheid in Christus oor afstand heen, kan nooit vernietig word nie. Aan ons Koning al die eer. Saam in Sy diens,

Baie dankie aan die Dagbestuur vir hulle toegewyde meewerking wat veroorsaak dat ons reeds vandag hierdie skrywe aan ons Sinode kan deurstuur.

Mag die Here julle gemeente ryklik seën en bewaar in die tyd.

Groete in Christus,

Ds. Johan Brink
(Voorsitter SBK)